higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

VRAGLOGISTIEK
NKR VLAK 3

(11020263)

26 Februarie 2018 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye.

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 150

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Gebruik ’n SWART of BLOU pen.
5. Laat minstens DRIE reëls oop ná elke vraag.
6. Begin elke afdeling op 'n NUWE bladsy.
7. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommer (1.1–1.10) in jou ANTWOORDBOEK neer.

1.1 Vraagvooruitskatting beteken dat die klant, in plaas daarvan dat daar vir nuwe voorraad gewag word, ’n ander verskaffer kies.

1.2 Voorraadintegriteit beteken om altyd te weet hoeveel voorraad beskikbaar is en waar dit is.

1.3 Verpakking is die omhulsel of bedekking om goedere en materiaal.

1.4 Die hantering of beweging van goedere per hand sluit in dat goedere op afleweringsvoertuie opgelaai en daarvan afgelaai word.

1.5 Eksterne klante is al die werknemers wat vir óf dienste óf produkte op ander werknemers staatmaak.

1.6 Vraglogistiek is die manier waarop die beweging van goedere tussen een punt en ’n ander bestuur word om te verseker dat daar aan klante se vereistes voldoen word.

1.7 Logistiek is die proses waarvolgens verseker word dat die regte tipe produk of diens op die regte plek en tyd, en in die regte toestand, afgelewer word om aan klante se verwagtinge te voldoen.

1.8 ’n Vragbrief is ’n reeks gebeurtenisse wat by grondstof begin en by die klant eindig wat die afgewerkte goedere gebruik.

1.9 Saamklassering (*binning*) is die proses waarvolgens klante se versoeke met die verskaffer se kapasiteit in ooreenstemming gebring word.

1.10 Mensgedrewe vervoer het betrekking op individue wat goedere op hul kop, rûe of per fiets karwei.

(10 × 1) **[10]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 2

Kies 'n item uit KOLOM B wat by 'n beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–J) langs die vraagnommer (2.1–2.10) in jou ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
2.1	’n Dokument wat deur ’n vervoermaatskappy of sy agent uitgereik word aan die verskaffer van die goedere wat vervoer moet word	A	verspreiding
		B	verkryging
		C	pypleiding
2.2	Die laai en beweging van goedere en die gefinaliseerde ritkaart	D	vragbrief
2.3	’n Lys goedere wat gestuur of dienste wat gelewer word, met ’n staat van die verskuldigde bedrag	E	faktuur
		F	herwinning
2.4	Die proses waarvolgens ’n versoek/aanvraag voorberei en verwerk word asook die uiteindelike ontvangs en goedkeuring van betaling	G	instandhouding
		H	werkswinkel
		I	pakhuis
2.5	Waar grondstowwe of vervaardigingsgoedere geberg word voordat dit uitgevoer word	J	tenderproses
2.6	Die proses waarvolgens die beste of goedkoopste maatskappy gekies word om goedere te voorsien		
2.7	Word gebruik om vloeistowwe te vervoer		
2.8	Die redding van ou, weggegooide, verouderde of beskadigde eiendom of goedere		
2.9	Die vervanging van die oliefilter, petrolfilter en remskoene		
2.10	’n Lokaal waar goedere vervaardig of herstel word		

(10 × 1) **[10]**

TOTAAL AFDELING A: 20

AFDELING B

VRAAG 3

3.1 Waarvoor staan die volgende afkortings?

3.1.1 LVB (*AWB*)

3.1.2 UVT (*ITT*)

3.1.3 WOFB (*PFMA*)

3.1.4 BVA (*POD*)

3.1.5 BBP

(5 × 1) (5)

3.2 Lees die uittreksel hier onder en beantwoord die vrae.

TEIKENVERKRYGING EN DIE HOP

Die bekendstelling van teikenverkryging as instrument om maatskaplike en ekonomiese beleid deur middel van verkryging in Suid-Afrika te beïnvloed, kan teruggevoer word tot die African National Congress (ANC 1994) se heropbou- en ontwikkelingsprogram (HOP) wat later deur die eerste demokratiese regering in 1994 aanvaar is in die vorm van 'n Witskrif oor die Heropbou- en Ontwikkelingsprogram. Die HOP is 'n omvattende sosio-ekonomiese beleidsinstrument wat daarop gemik is om die nalatenskap van apartheid uit te wis. Apartheid het die land gelaat met 'n ekonomie wat binnewaarts gefokus is en deur ongelykhede, ondoeltreffendhede en onderontwikkelde hulpbronmarkte verwring is. Die integrerende HOP-strategieë om die gewenste transformasieproses in werking te stel, is soos volg:

- Om in basiese behoeftes te voorsien
- Om die land se menslike hulpbronne te ontwikkel en die ekonomie uit te bou
- Om die ekonomie te demokratiseer deur die raamwerk vir die gewenste proses te voorsien
- Om ander beleidsinstrumente wat nie direk aan verkryging verwant is nie, te ontwikkel ten einde die HOP-doelstellings te verwesenlik, naamlik om die onregte van apartheid en die nalatenskap van ongelykheid te herstel

Die HOP-doelstellings het die Suid-Afrikaanse verkrygingshervormproses beïnvloed wat daarop gemik is om goeie leiding (*governance*) en sosio-ekonomiese doelwitte te bereik.

3.2.1 Noem VYF pilare van verkryging. (5 × 2) (10)

3.2.2 Noem VYF verkrygingsprosesse. (5 × 2) (10)

3.2.3 Wanneer is die heropbou- en ontwikkelingsprogram geskep? (1)

3.2.4 Omskryf die begrip *verpakking*. (2)

3.2.5 Gee die betekenis van die term *voorraad*. (2)

[30]

VRAAG 4

Bestudeer die paragraaf hier onder en beantwoord die vrae.



Wanneer ’n nuwe terrein vir ’n logistieke fasiliteit of verspreidingsentrum gekies word, behels dit dat ’n aantal faktore opgeweeg en talryke besonderhede in aanmerking geneem moet word. Die beste manier om te begin, is om die elemente, wat saamgevoeg word om jou sakebehoeftes te ondersteun, deeglik te ondersoek. Die verkryging van vervaardigingsmateriaal en grondstowwe speel ’n belangrike rol in die keuse van ’n verspreidingsentrum. Een rede is dat grootmaatgrondstowwe tipies duur is om te vervoer in verhouding tot die waarde daarvan. Daar is aansienlik baie hulpbronne, insluitende grondstowwe, energie en arbeid, vir vervaardiging nodig. As gevolg daarvan plaas maatskappye hul vervaardigingsbedrywighede en fabrieke naby aan hierdie hulpbronne. Die verkrygings-/produksiekant van die voorsieningskanaal begin gewoonlik op enige plek waar laekostemateriaal, -arbeid en -produksie beskikbaar is. Die opsies word egter kleiner sodra inkomende logistiek en verspreidingsfunksies deel van die vergelyking word. Hoe vroeër in die proses ’n maatskappy die logistiek oorweeg, hoe meer waarskynlik sal hy voorsieningskanale kan ontwerp waarvan die koste en werking enige eksterne of interne onderbreking te bowe sal kan kom.

4.1 Dui SEWE faktore aan wat in aanmerking geneem moet word wanneer ’n geskikte pakhuisligging gekies word. (7 × 2) (14)

4.2 Dui VYF faktore aan wat pakhuisberging beïnvloed. (5 × 2) (10)

4.3 Gee VIER gevolge van verkeerde terreinkeuse. (4)

4.4 Omskryf die term *omgekeerde logistiek*. (2)

[30]

VRAAG 5

5.1 Omskryf die term *materiaalhantering*. (2)

5.2



5.2.1 Identifiseer die masjien op die foto hier bo. (1)

5.2.2 Verduidelik wat die doel van hierdie masjien is. (3)

5.3



5.3.1 Identifiseer die masjien op die foto hier bo. (1)

5.3.2 Verduidelik die funksies van hierdie masjien. (3)

5.4 Gee VYF stappe wat uitgevoer moet word wanneer klagtes van klante gehanteer word. (5 × 3) (15)

5.5 Beskryf VYF faktore wat in aanmerking geneem moet word wanneer 'n beleid vir teruggestuurde goedere ontwikkel word. (5 × 2) (10)
[35]

VRAAG 6

6.1 Beskryf DRIE tipes verpakking. (3 × 3) (9)

6.2 Omskryf die term *bestellingsverwerksiklus*. (3)

6.3 Gee die SEWE stappe van bestelverwerking in die korrekte volgorde. (7 × 2) (14)

6.4 Bespreek die begrip *elektroniesefondsoorplasing-krediet*. (5)

6.5 Verduidelik die verskil tussen *herwinning* en *skroot*. (2 × 2) (4)
[35]

TOTAAL VIR AFDELING B: 130
GROOTTOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou